

16 November

Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6

Fokusgedeelte: Openbaring 3:1, 2

Herleef weer!

Jy kan so besig in die kerk wees ... of 'n gemeente kan so besig wees met groot projekte dat sy God Self verloor! Almal kan 'n gemeente beskou as 'n lewende gemeente! As 'n gemeente waar dinge gebeur!

God kyk dieper! Wat sien Jesus Christus wat tussen sy gemeentes beweeg, raak? Die gemeente van Sardis het 'n baie goeie beeld na buite vertoon. 'n Lewende, besige gemeente! Dinge gebeur daar! Tog noem die Here Jesus haar 'n leë en dooie gemeente wat besig is om te sterwe.

Wanneer 'n persoon nie vol van Jesus Christus se Woord en Gees is nie, dan kan hy godsdienstig en vroom voorkom, maar voor God is hy leeg en gevolglik dreig die laaste bietjie lewe om uit hom te vloei!

'n Ware, lewende kerk word aan haar lewende verhouding met haar Bruidegom, Jesus Christus, geken! God werk deur sy Woord en Gees lewewekend in haar. So kan sy ondanks haar klein getalle en beperkte vermoë steeds die Here dien en sy volledige werk haar eie maak. Die Heilige Gees wek deur die Woord lewe in haar op om haar daaglik te bekeer en haar te laat vasgryp aan haar Here en Koning.

Gryp daarom vas aan Jesus Christus en laat Hy u daaglik op die regte pad lei! God is nie 'n saak nie, maar 'n Persoon! Dan kry u dienswerk dinamiek en begin u te groei!

Sing: Skrifberyming 15-1:2-4

Ds SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)